



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## NOVEMBER 2015 (R)

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.

3. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord slegs wat gevra word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Rond ALLE berekeninge tot TWEE desimale plekke af, tensy anders aangedui.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.1.11 A.

1.1.1 Die intensiteit van reënval sal hoofsaaklik 'n invloed op grond-… hê.

A degradasie
B vrugbaarheid
C tekstuur
D helling

1.1.2 Wanneer verskillende tipes gewasse een na die ander op dieselfde land geplant word:

A Monokultuur
B Wisselbou
C Tuinboukunde
D Gemengde verbouing

1.1.3 Om teen die helling te ploeg eerder as saam met die helling, word … genoem.

A die vorming van kontoerwalle
B onvolhoubare ploegwerk
C ploegwerk wat tot gronderosie lei
D kontoerploegwerk

1.1.4 Die wet van vraag na produkte sê dat hoe …

A hoër die prys, hoe meer produkte sal voorsien word.
B laer die prys, hoe meer produkte sal voorsien word.
C hoër die prys, hoe meer produkte sal gekoop word.
D laer die prys, hoe meer produkte sal gekoop word.

1.1.5 Die eerste stap in die strategiesebeplanning-proses:

A Definieer die situasie.
B Evalueer die plan.
C Stel doelwitte en doelstellings vir die besigheid.
D Ontwikkel die visie- en missieverklarings.

Kopiereg voorbehou 

1.1.6 Die kenmerk wat grond 'n sinvolle belegging vir die boer maak:

A Die gemiddelde reënval in die gebied
B Die afstand van die mark af
C Die grond se produksiepotensiaal
D Markpryse van produkte

1.1.7 Die netto waarde van 'n besigheid word as die totale … gedefinieer.

A bates van die besigheid minus die laste
B laste van die besigheid minus die bates
C uitgawes van die besigheid minus die inkomste
D inkomste van die besigheid minus die uitgawes

1.1.8 'n Groter skaarste aan plaasarbeiders kan die gevolg van … wees.

A politieke stabiliteit
B minder aantreklike werkstoestande
C 'n gebrek aan vaardighede
D effektiewe arbeidsbestuur

1.1.9 Die hoofrede vir die verkoeling van landbouprodukte gedurende verspreiding na verskillende markpunte, is om …

A die gewig te verminder vir makliker vervoer.
B die volume te verminder vir makliker vervoer.
C die smaak vir verbruikers te verbeter.
D te voorkom dat dit bederf.

1.1.10 Die wetgewing wat inligting oor bestanddele en voedingswaardes reguleer:

A Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962)
B Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972)
C Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet 119 van 1990)
D Regulasies betreffende die Etikettering en Advertering van Voedingsmiddels (R146 van 2010) (10 x 2) (20)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.2.11 M. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Meganisering | A die proses waar die werkgewer, werknemer en 'n vakbondverteenwoordiger 'n insident bespreek waartydens 'n werknemer by die werkplek dronk was, met die doel om die werknemer te straf |
| 1.2.2 Natuurlike hulpbronne | B 'n bestuurder gebruik 'n horlosie en tydkaart vir arbeiders |
| 1.2.3 Tydelike arbeiders | C word gebruik om die geprojekteerde beweging van fondse in 'n onderneming te bepaal |
| 1.2.4 Advertering | D tegnologie wat gebruik word om betalings oor die Internet te doen |
| 1.2.5 Rekenaars | E grond, reënval, klimaat en water |
| 1.2.6 Beheer | F arbeid, kapitaal en inligting |
| 1.2.7 Presisieboerdery | G 'n landboubemarkingsfunksie gemik op die bemarking van plaasprodukte |
| 1.2.8 Graderingstelsel | H begroting vir inkomste en uitgawes om die wins of verlies van 'n onderneming aan te dui |
| 1.2.9 Dissiplinêre optrede | I die werker wat aangestel is om slegs die plaasdam skoon te maak en dan die plaas te verlaat |
| 1.2.10 Kontantvloeibegroting | J die boerderystelsel waar die boer moderne tegnologie, soos GIS, vir grondopnames gebruik |
| | K die groepering van plaasprodukte volgens kwaliteit |
| | L verandering van dieraangedrewe implemente na enjinaangedrewe implemente |

(10 x 2) (20)

1.3 Gee die KORREKTE landboukundige term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.3.11 Rekordhouding.

1.3.1 Kapitaal wat benodig word om in bates, soos voertuie, gereedskap, aanteelvee, melkkuddes en masjinerie, te belê

1.3.2 Die koste van arbeid wat styg met elke diens wat gelewer word

1.3.3 Die persoon in 'n besigheid wat organiseer, besluite neem en die groter risiko dra

1.3.4 'n Outonome vereniging van persone wat vrywillig bymekaar kom om hulle maatskaplike, ekonomiese en kulturele behoeftes en aspirasies te bevredig in 'n demokraties beheerde onderneming in gesamentlike besit

1.3.5 Die fondse wat deur die eienaar tot die boerderyonderneming bygedra word

1.3.6 Die fisiese verskuiwing van plaasprodukte van die plek van produksie na punte waar verbruikers geleë is

1.3.7 Die stelsel waar produkte van produsente saamgesit word en in massa deur koöperasies hanteer word

1.3.8 Die bedrag wat deur 'n finansiële instelling gehef word vir die leen van kapitaal

1.3.9 Alle direkte en indirekte koste wat die produsent aangaan om plaasprodukte te bemark

1.3.10 Die som van die inkomste uit alle kontantgewas- en lewendehawe-ondernemings op die plaas, plus diverse boerderyinkomste (10 x 1) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

2.1 Temperatuur is 'n belangrike faktor van klimaat. Dit kan landbouproduksie direk of indirek beperk.

Beskryf VYF maniere waarop temperatuur landbouproduksie kan beperk. (5)

2.2 Bespreek die invloed van helling op gewasproduksie. (4)

2.3 Verduidelik die uitwerking van gronddiepte op gewasproduksie. (4)

2.4 Noem DRIE faktore wat 'n verandering kan veroorsaak in die samestelling van plantspesies wat in die veld groei. (3)

2.5 Teken die tabel hieronder oor en voltooi dit met die verskillende vorme van krediet wat aan boere gegee kan word. Gebruik die volgende DRIE voorbeelde van krediet om die tabel te voltooi:

- Aankoop van masjinerie
- Aankoop van grond
- Aankoop van bemestingstowwe

| TIPES KREDIET VIR BOERE | LANGTERMYN-KREDIET | MEDIUMTERMYN-KREDIET | KORTTERMYN-KREDIET |
|---|---|---|---|
| Duur | (1) | (1) | (1) |
| Kredietgebruik | (1) | (1) | (1) |

(6)

2.6 Die prentjies hieronder stel verskillende produksiemetodes in boerdery voor.




**A**



**B**

2.6.1 Identifiseer die prentjie wat elk van die volgende produksiemetodes in boerdery voorstel:


(a) Bestaansboerdery
(b) Presisieboerdery (2)

2.6.2 Teken die tabel hieronder oor om jou antwoord op VRAAG 2.6.1 te motiveer deur te verwys na die tipe gereedskap wat gebruik word. Noem TWEE voordele van die gebruik van die gereedskap in ELKE boerderymetode.


| | PRESISIE-BOERDERY | BESTAANS-BOERDERY |
|---|---|---|
| Gereedskap gebruik | (1) | (1) |
| TWEE voordele | (2) | (2) |

(6)


2.7 Bestudeer die prentjies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**A**



**B**




**C**

2.7.1 Identifiseer die tipe boerderystelsel wat deur elke prentjie (**A**–**C**) voorgestel word. (3)

2.7.2 In watter tipe boerderystelsel word diere binnenshuis aangehou, maar ook toegang tot weiding buite die skuiling gegee? (1)

2.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Toetsprojek is op vier plase deur die organisasie Agri-VIGS begin. Werkers wat aan die projek deelneem, word vir MIV getoets en ontvang gratis antiretrovirale behandeling, indien nodig.




Noem VIER voordele vir die plase wie se werkers aan die projek deelneem. (4)

2.9 'n Begroting is 'n plan van die toekomstige inkomste en uitgawes van 'n boerderyonderneming. Die volgende is 'n voorlopige boerderybegroting.

**BEGROTING VIR GEWASPRODUKSIE**

| **VERWAGTE UITGAWES** | | | |
|---|---|---|---|
| **Item** | **Hoeveelheid** | **Waarde** | **Totale prys** |
| Saad | 2 kg | R40/kg | **(a)** |
| Bemestingstowwe | 850 kg | R280/50 kg | R4 760 |
| Vervoer van bemestingstowwe | 17 sakke | R5/sak | **(b)** |
| Plaagdoders | 500 g | R187/500 g | R187 |
| Werkers se lone per week | 4 werkers | R 400 | **(c)** |
| Verpakkingsmateriaal | 1 500 eenhede | R1/eenheid | R1 500 |
| Vervoer na markte | 6 ritte | R300/rit | R1 800 |
| **Totale verwagte uitgawes** | | | **(d)** |
| **VERWAGTE INKOMSTE** | | | |
| **Item** | **Hoeveelheid** | **Waarde** | **Totale prys** |
| Gewasse geoes | 1 500 sakke | R15/sak | **(e)** |
| **Totale verwagte inkomste** | | | |

2.9.1 Bereken die ontbrekende bedrag **(a)**–**(e)**. (5)

2.9.2 Bereken die wins of verlies. Motiveer jou antwoord. (4)

2.10 Dui DRIE aspekte aan wat die boer gedurende beplanning in aanmerking moet neem om die doeltreffendheid van plaasmasjinerie te verbeter. (3)

**[50]**

**VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDSBEPLANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU**

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

3.1 Noem VYF uitdagings vir boere wat plaashekbemarking gebruik om hulle produkte te verkoop. (5)

3.2 Verduidelik die rol van wetgewing oor landboubemarking. (3)

3.3 Tabuleer DRIE verskille tussen *bemarking* en *verkope*. (6)

3.4 Voordat 'n boer 'n bank of finansiële instelling vir 'n lening nader, moet daar eers 'n sakeplan opgestel word.

3.4.1 Definieer die term *sakeplan*. (2)

3.4.2 Gee redes hoekom 'n bank 'n sakeplan vir 'n onderneming van 'n boer benodig. (4)

3.5 Die produksie van landbouprodukte behoort markgeoriënteerd te wees. Produsente moet weet wat verbruikers wil hê, asook watter prys hulle bereid is om te betaal.

3.5.1 Noem DRIE metodes van prysvasstelling vir landbouprodukte. (3)

3.5.2 Noem VIER voorvereistes van 'n mark vir die bemarking van landbouprodukte. (4)

3.6 'n Verwerkingsaanleg koop beeste by 'n boer teen R20/kg. Die verwerkingsaanleg verwerk die vleis, wat waarde tot die produk byvoeg, en verkoop dan die verwerkte vleis met 'n 70%-prysverhoging aan 'n kettingwinkel. Die kettingwinkel voeg 50% by die kosprys voordat die vleis aan verbruikers verkoop word.

3.6.1 Bereken die prys van die produk vir die verbruiker by die verkoopspunt. (4)

3.6.2 Beskryf die verwantskap tussen die bemarkingsketting en die prys van die produk. (2)

Kopiereg voorbehou 

3.7 'n Boer het die prestasie van twee seisoenale werkers in die tabel hieronder aangeteken.

| SEISOEN | SAKKE GEOES PER DAG | |
|---|---|---|
| | WERKER A | WERKER B |
| 1 | 10 | 5 |
| 2 | 15 | 10 |
| 3 | 18 | 20 |
| 4 | 20 | 30 |

3.7.1 Teken 'n dubbele staafgrafiek om die prestasie van die TWEE werkers aan te dui. (6)

3.7.2 Gee EEN moontlike rede vir die swak prestasie van WERKER B tydens die eerste seisoen. (1)

3.7.3 Noem die werker wat die waarskynlikste 'n permanente pos aangebied sal word. Gee TWEE aanbevelings. (3)

3.8 Bestudeer die uittreksel uit 'n Balansstaat hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Uittreksel uit die Balansstaat van 'n gewasproduksie-onderneming soos op 30 Desember 2014**

| LASTE | RAND | BATES | RAND |
|---|---|---|---|
| **Huidige laste** | | **Huidige bates** | |
| Arbeiders se salarisse vir volgende maand | 23 500 | Kontant voorhande | 150 000 |
| **Mediumtermyn-laste** | | **Mediumtermyn-bates** | |
| Uitstaande lening vir trekker | 2 500 | Gereedskap en masjinerie | 284 000 |

3.8.1 Bereken die persentasie wat gereedskap en masjinerie tot die boerdery se bates bydra. (3)

3.8.2 Noem die negatiewe effek van hoë plaasmeganisasie. (2)

3.9 Verduidelik die term *rekordhouding* in landboubestuur. (2)
**[50]**

## VRAAG 4: OES, PROSESSERING, BESTUUR EN AGRITOERISME

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

4.1 Teken die tabel hieronder oor om die verskillende benaderings tot die oesproses deur 'n grootskaal- kommersiële boer en 'n kleinskaal-kommersiële boer onderskeidelik te vergelyk. Albei boere gebruik 'n ekstensiewe produksiestelsel.

| | **GROOTSKAAL-KOMMERSIËLE BOER** | **KLEINSKAAL-KOMMERSIËLE BOER** |
|---|---|---|
| Tydsbestuur | (1) | (1) |
| Vervoer en hantering | (1) | (1) |
| Berging | (1) | (1) |

(6)

4.2 Noem VIER belangrike komponente wat in ag geneem moet word wanneer verpakkingsmateriaal vir landbouprodukte ontwerp word. (4)

4.3 Noem VIER kenmerke van die ideale verpakking of houers vir landbouprodukte. (4)

4.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> 'n Boer beplan die volgende seisoen se produksieproses. Die grootste vraagstuk van belang is die tipe gewas of kombinasie gewasse wat vir die betrokke seisoen verbou moet word. Om die besluit makliker te maak, stel die boer 'n begroting op om die verskillende gewasse of gewaskombinasies met mekaar te vergelyk. Verskillende plekke waar die produkte bemark kan word en die onderskeie pryse word bestudeer om die beste wins moontlik te verseker. Die proses sluit rekordhouding van produksie en arbeiders (permanent en seisoenaal) in. Indien nuwe gewasse gekies word, moet arbeiders opgelei word om hoë opbrengste te behaal. Om te verseker dat die produkte verkoop word, reël die boer 'n boeremarkdag as 'n bemarkingsveldtog.

Klassifiseer die verskillende bestuursaktiwiteite in die scenario hierbo in die volgende kategorieë:

4.4.1 Tegniese aktiwiteite (1)

4.4.2 Kommersiële aktiwiteite (1)

4.4.3 Finansiële aktiwiteite (1)

4.4.4 Administratiewe en rekeningkundige aktiwiteite (1)

4.4.5 Personeelbestuur (1)

4.4.6 Kommunikasie-aktiwiteite (1)

4.5 Die verwerking van landbouprodukte is deel van waardetoevoeging en dit is 'n manier om voedselprodukte te preserveer.

4.5.1 Gee VIER redes vir voedselpreservering. (4)

4.5.2 Noem VIER metodes van voedselpreservering waar die ontwikkeling van mikroörganismes beperk word, maar NIE gestop word NIE. (4)

4.5.3 Beskryf VIER metodes van voedselpreservering waar mikroörganismes vernietig word. (4)

4.6 Koördinering is een van die belangrikste aspekte om produktiwiteit in boerdery te verseker. Noem die VIER tipes koördinering op 'n plaas. (4)

4.7 Noem VIER faktore wat 'n boer in ag moet neem wanneer die oesproses moet begin. (4)

4.8 Die boer kan 'n belangrike rol speel om ander oor agritoerisme te leer. Ondersteun hierdie stelling deur TWEE redes te gee. (2)

4.9 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BOER A** het 'n netjiese boerdery-onderneming en is bereid om in die plaas te belê. Die infrastruktuur en masjinerie is in 'n uitstekende toestand as gevolg van 'n goeie begroting vir instandhouding. Die boer het nuwe, goed toegeruste huise vir die werkers gebou. Die plaas het 'n tydregister en werkers word gereeld vir vaardigheidsontwikkeling-opleiding gestuur. Arbeiders ontvang aansporings vir goeie werk.

**BOER B** sal geld gebruik om stukkende toerusting te herstel soos dit gebeur en daar is nie gereelde instandhouding nie. Plaaswerkers moet hulle eie huise bou. Die boer huur gewoonlik onopgeleide werkers en doen nie eens die moeite om hulle op te lei of te wys hoe die toerusting hanteer moet word nie. Die boer en arbeiders stry gereeld oor afwesigheid, maar daar word nooit 'n ooreenkoms bereik nie.

4.9.1 Identifiseer die bestuursvaardighede van BOER A en motiveer jou antwoord deur te verwys na die voorbeelde wat in die scenario gebruik word. (6)

4.9.2 Bepaal of dit vir BOER B moontlik is om tugstappe teen die werkers te doen vir swak hantering van toerusting. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou